2 Februarie 2011

NUUSBRIEF 2/2011

Geagte Ouers

ATLETIEK KRINGBYEENKOMS : VRYDAG, 4 FEBRUARIE 2011

1. Neem asseblief kennis van ‘n Departemente versoek wat aan ons skool gerig is om op Vrydag, 4 Februarie 2011, die Kringbyeenkoms aan te bied. Ons doen dit dus ter wille van ons atlete.

2. Die versoek is gerig dat dit gedurende skoolure sal plaasvind as gevolg van vervoerprobleme wat deur die ander atlete ondervind word tydens ‘n naweek.

3. Die Departement het dit dan so goedgekeur en sal daar dus op Vrydag GEEN akademiese program gevolg word nie. Die skool sal vir alle leerders gesluit wees - slegs die atlete kom Vrydag skool toe.

4. Die akademiese werk wat uit hierdie dag verlore raak, sal in die volgende twee weke ingehaal word.

5. Skoolgeboue sal gesluit wees en toegangsbeheer sal by die hekke toegepas word.

Ons waardeer u begrip en ondersteuning.

Die uwe

_____

Mnr J L M Venter
HOOF